# Hillcrest High School

**Afrikaanse Eerste Addisionele Taal V3**

**Eksamen**

**2019**

**Graad 9**

**Punte: 50**

**Tyd: 1uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye**

# INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Langer transaksionele teks (30)
   AFDELING B: Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste (20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet al jou opskrifte beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy ń streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 40 minute

   AFDELING B: 20 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/ opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Vul jou buiteblad volledig in.

11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het onderaan elke teks.

12. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: Langer Transaksionele Teks

### VRAAG 1:

- **Kies een onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.**
- **Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.**

**1.1 Skryf 'n dialoog waar jy met jou maat praat oor wie jou Sportheld/in is. Bespreek die dinge wat julle oor die persoon bewonder. Vertel watter sport hy/sy doen en waarvoor hulle onthou sal word.**

**Ons wil ook weet waarom hy/sy jou sportheld/in is en hoe hy/sy jou lewe beïnvloed het.**
**Skryf die gesprek neer.**

**[30]**

**OF**

**1.2 Skryf 'n dialoog waarin jy en jou vriend/in die pyn en geluk van die grootwordjare bespreek. Niemand verstaan hoeveel probleme daar in 'n tiener se lewe is nie. Skryf gesprek neer.**

**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: (30)**

**AFDELING B: Kort Transaksionele Teks**

**VRAAG 2:**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 80- 100 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies bo-aan jou skryfstuk neer.**
- **Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.**

**2.1 Skryf 'n e-pos aan jou vriend/in waarin jy hom of haar vertel van 'n fantastiese sportbyeenkoms wat jy bygewoon het. Wat het jy alles gesien? Wie het jy daar gesien? Wat het gebeur?**

**[20]**

**OF**

**2.2. Jy en jou ouers baklei deesdae oor alles. Jy weet nie hoekom jy so gou kwaad word vir almal nie.**

**Skryf 'n e-pos aan jou maat en vra om raad. Vertel werklik hoe jy voel.**

**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: (20)**

**SOMTOTAAL: (50)**